

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Donderdag **26 September**

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-16

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:13, 15

Jesus sien jou vir wie jy is ...!

Hoe tree die mens dikwels op? Ons dink ons kan ons sondes vir God wegsteek (soos Adam en Eva; en soos ons wel vir mense doen); of: Ons steur ons bloot nie aan God nie, en leef rustig in die sonde voort (soos die Israeliete in die woestyn gedoen het). Maar wat is die werklikheid? Ons staan voor die Alwetendheid van God! Vers 13 sê “alles lê oop en bloot voor sy oë. Aan Hom moet ons rekenskap gee”. Ja, Jesus sien jou vir wie jy is ...!

Maar hierdie ontdekkende krag van die alwetende God is nie net 'n verskrikking nie, dit is ook 'n heerlike troos! Vers 14 beskryf hierdie vertroosting van God soos volg: “Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.” Ons moet daaraan vashou dat ons 'n groot Hoëpriester het, Jesus, die Seun van God. Hy is groot, want Hy het volbring wat geen aardse priester ooit kon doen nie. Die aardse hoëpriesters kon eenmaal per jaar die allerheiligste betree en dan moes hulle vir hulle en die volk versoening doen. “Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit” (Heb. 10:12). “Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak” (Heb. 10:14).

En waar Hy reeds deur die hemele gegaan het, is Hy ons Voorspraak by die Vader. Hy pleit nou vir ons behoud op grond van sy middelaarswerk. En die wonderlike is dit: ons Hoëpriester, wat nou ook ons Voorspraak is, het medelye met ons swakhede. Hy het begrip, empatie met ons swakhede, omdat Hy ook weet watter versoeking oor ons kom en wat dit van ons vra om dit te weerstaan. Hy het dit immers (na sy mensheid) aan eie lyf gevoel toe Hy deur Satan versoek is. Maar waar ons dikwels struikel en val, kon Hy staande bly, want Hy is ook God. Hy het nie gesondig nie, Hy kon vir ons die oorwinning behaal, daarom kan Hy ons help!

Hy kan ons help, maar dan moet ons nie voor God vlug nie. Ons moet ook nie blindelings voortploeter in die sonde nie. Vers 16 sê: “... gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon ...” Ons moet, soos 'n Dawid van ouds, ons sondes aan God bekendmaak. As ons gelowig pleit op die soenverdienste van Jesus Christus, dan sal ons die vertroostende woorde hoor: Ek sien jou wie jy is ('n vuil, wegwerplike sondaar!), maar Ek sien jou ook wie jy in Christus Jesus is (skoongewaste, verlose kind van God)!

Sing: Skrifberyming 20-2:1, 4, 5, 6, 7

Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)